23 Sep
Uitgawe 2009/09/23

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Want so sê die HERE aan die huis van Israel: Soek My, dan sal julle lewe! (**Amos 5:4**). In die vorige hoofstuk het God toegelaat dat teëspoed hierdie land tref sodat hulle na Hom kan terugkeer, maar hulle het nie. Hy het toegelaat dat hulle honger ly, Hy het die reën weerhou, toegelaat dat die sprinkane verwoesting bring, het plae gestuur en toegelaat dit hulle omgekeer word. God sal verskeie omstandighede in ons lewens en land toelaat om ons aandag te trek. Neem die tyd om jou lewe te ondersoek en jou houding teenoor God en stel dit reg. ***Vader, vergeef ons vir die tye wat ons blindelings vaskyk in die situasies wat U toelaat om ons aandag te trek. Ons sal dit wat goed is nastreef sodat ons kan lewe.***

Deurbraak : Ondergrondse Kerk

Christene het 'n ondergrondse kerk tot stand gebring in Mekka, Saoedi-Arabië. Moslems ag hierdie stad as die mees heiligste. 'n Sendeling groep het bevestig dat tien duisende ander Saoediërs aanbid deur gebruik te maak van die Internet. Die aantal mense wat deel uitmaak van die kerk kan nie beraam word nie, omdat mense te bang is om te praat. Nuus van die geheime kerk het aan die lig gekom ten spyte van die streng reëls wat verbied dat nie-Moslems Mekka binnegaan. Ongeveer 70 000 mense aanbid by die sogenaamde *'Skype Church'* – vernoem na die Internet program wat toelaat dat mense met mekaar kommunikeer met relatiewe veilige telekommunikasie. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 18/09/09). ***Prys die Here vir die deurbraak in die Moslemwêreld. Verklaar dit oor die Kerk in Mekka: Christus sal Sy gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.***

Bid vir jou gemeenskap : Kinder swat Dobbel

Skoolkinders, sommige so jonk soos 10, dobbel met hul klasmaats en verloor duisende rande per dag. Baie van hulle steel geld van hul ouers en in sommige gevalle is hulle selfs gewelddadig en het hul klasmaats geslaan, terwyl ander met messe gedreig was. In die afgelope twee maande was daar 23 gevalle van kinders wat gevang is terwyl hul gedobbel het by skole in Durban. Die situasie is sensitief omdat die oortreders nog so jonk is. Dobbelary is 'n ernstige oortreding en baie keer leer kinders hierdie gewoontes by hul ouers of dwelmhandelaars. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=105&art_id=vn20090919075752827C898139, 19/09/09). ***Bid vir jong mense in jou gemeenskap; dat hulle nie betrokke sal raak by dobbelary of enige ander onwettige aktiwiteit nie. Vra die Here om hulle die vermoë te gee om tussen goed en kwaad te kan onderskei en dat hulle enige vorm van kwaad sal teenstaan.***

Suid-Afrika : Finansiële toekoms

Jong Suid-Afrikaners het hoë verwagtinge vir hul finansiële toekoms, maar sosiale omstandighede beïnvloed hul denke ten opsigte van rykdom en besteding. Meeste jong mense (78 persent) verwag om R10 000 of meer per maand te verdien teen die ouderdom van 30. (Op die oomblik verdien minder as 10 persent van die totale bevolking hierdie bedrag.) Alhoewel inkomste verwagting onrealisties is, is die jeugdiges van alle rassegroepe positief oor hul toekoms in Suid-Afrika, ten spyte van die resessie en ander probleme wat die land in die gesig staar. (Webruimte: http://news.ioljobs.co.za/article_view.php?fArticleId=5173145, 21/09/09). ***Bid vir elke jongmens wat die begeerte het vir finansiële stabiliteit en sekuriteit in die land. Bid dat hulle besighede kan begin wat bestuur word met wysheid en kreatiwiteit wat deur die Heilige Gees geïnspireer word.***

Internasionaal : Islamitiese Samekoms vir Gebed

'n Massiewe Islamitiese gebedsdiens word gehou by Capitol Hill in Washington die einde van hierdie maand – en 50 000 Moslems gaan heel moontlik deelneem. Vir 'n paar uur op 25 September, sal die area waar presidente gewoonlik ingesweer word in 'n massiewe moskee omskep word. Die *Jummah* diens – weeklikse gebede op 'n Vrydag – sal "eggo vanaf die *Lincoln Memorial*, die monument in Washington en ander geboue wat die Capitol Hill omring" volgens die organiseerders. Hul objektief met die samekoms is om "Moslem gemeenskappe en vriende van Islam te nooi om die diversiteit van Islam te illustreer en ten toon te stel. Ons wil graag die grootheid van Islam se beginsels wat deur Allah geopenbaar is aan die geliefde profeet Mohammed van Arabië openbaar. Ons wil die nuwe generasie inspireer om te streef na die welsyn van alle mense." (Webruimte: http://www.israelnationalnews.com/News/News.aspx/133254, 03/09/09). ***Bid dat die oë van die ongelowiges sal oopgaan en dat hulle die ware en lewende God sal ken en in verwondering staan oor Sy grootheid. Want kyk, Hy wat die berge formeer en die wind skep en aan die mens sy gedagte bekend maak, wat die daeraad duisternis maak, wat op die hoogtes van die aarde wandel, HERE, God van die leërskare, is sy Naam!*** (**Amos 4:13**).

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com